View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)

# CALVINISME EN NEO-MARXISME: 'N IDEOLOGIEKRITIEK VAN CALVINISME IN SUID-AFRIKA

Mnr J.J. Snyman

Departement Filosofie, RAU

ABSTRACT

An encounter even a confrontation, with Marxism and Neomarxism cannot leave Calvinism untouched. Calvinism's critique of modern Western culture, especially since the Enlightenment, has not prevented leaders in South Africa committed to Calvinism to subscribe uncritically to power ideologies derived from Enlightenment philosophy. A crisis in the course of Calvinism in South Africa has become apparent. Neomarxism affords us with categories to analize this problem critically. Calvinism in South Africa should heed the lessons from this exercise in a critique of ideology, and rediscover its own and original humanism.

Die tema van vanoggend se feesbyeenkoms is Manifestasies van Marxisme en Neo-Marxisme in Suid-Afrikaanse samelewingsverbande. In die idioom van die hoofopset sal ek hierdie tema aan die orde stel deur hom teen sy grein in te borsel. Wat ek daarmee bedoel, sal gaandeweg duidelik word. Ek kan net by voorbaat sê dat wat ek gaan doen, min of meer die volgende gaan wees: in plaas van om vanuit 'n Calvinistiese hoek na (manifestasies van) Neo-Marxisme te kyk gaan ek die rolle omkeer: vanuit 'n sekere probleemopgaaf van die Neo-Marxisme gaan ek na manifestasies van Calvinisme in Suid-Afrika kyk.

Is daar 'n motivering vir hierdie perspektiefverandering? Is ek dalk "in die hart gegryp" (of in die bol gepik) deur die Neo-Marxisme? Gaan dit dalk by my daarom om die Neo-Marxisme as 'n alternatief op die Calvinisme aan te bied? Nee, 'n alternatief op Calvinisme het die Neo-Marxisme nie eintlik nie. So vreemd as wat dit op die oomblik mag klink, wil ek tog vashou aan 'n sekere skepsis oor die mens wat in die Calvinisme gangbare munt is, asook 'n hoop op geregtigheid waarmee Calvyn sy Institusie -

met die hoofstuk oor burgerlike regering - afrond. Die Calvinistiese skepsis oor die mens gaan dieper as die Neo-Marxistiese wanhoop oor die mens, en die hoop op geregtigheid van die Calvinisme is troosryker as die "verlange na 'n voleindigde geregtigheid", soos Horkheimer dit noem. Maar laat ek dadelik bysê: die Neo-Marxisme het 'n patos, en 'n deurdringende kritiese blik wat kwalik deur die Calvinisme oortref word. En daar het u die motivering vir my perspektiefverandering: ons kan nie meer "vanuit die Calvinisme" na die "verlorenes" "daarbuite" - in hierdie geval die Marxisme en die Neo-Marxisme - kyk nie. Ons kyk nie meer vanuit 'n "bolwerk" na 'n "bedreiging" nie. Ons kan nie meer meewarig wees oor die sogenaamde waanbeelde wat gesekulariseerde en outonoom redelike denkers uit hulle eie arsenale optower nie. Erens het Marx en sy navolgers nie meer die aanskyn van aartsbedrieërs en -verleiers nie. Ons kyk op hulle het verander. Maar die kyk op "ons" het ook verander. Érens en iewers het ons sekerhede ondermyn geraak. Vyftig jaar se koers in die krisis het uitgeloop op 'n besef van krisis in die koers.

Waarom? Ek waag die volgende verklaring: 'n stuk historiese ervaring het homself laat geld. Die Calvinisme het die gedagte van die ryke verskeidenheid van die Skepping al byna 'n gemeenplaas gemaak. Dit is voortdurend beklemtoon dat die menslike kundigheid nooit die volle rykdom van die skepping kan ontgin of uitput nie. Maar, vreemd, hierdie gedagte verraai al klaar 'n eensydigheid - iets wat die Calvinisme juis altyd wil voorkom. Waarin is hierdie eensydigheid geleë? Menslike kundigheid het nie net met die gegewenheid van die rykdom van die Skepping te make nie. Menslike kundigheid het ook met homself te make. Die mens het 'n gemoeidheid met homself, die mens vermoei homself om die aarde tot sy woning te maak. Ja, goed, die Calvinisme het 'n goeie bewussyn van die moeite van die geskiedenis. Maar op 'n manier het die Calvinisme - in sy manifestasies in Suid-Afrika - tog 'n blinde vlek vir sy eie betrokkenheid by en gesitueerdheid in die eietydse geskiedenis, 'n gebrek aan 'n eietydse bewussyn. Die indruk - in die Calvinistiese filosofiegeskiedskrywing asook in die kerkgeskiedenis - is dat die Calvinisme altyd aan die geskiedenis ontkom. Dit is iets amper suprahistories. 'n Mens merk hierdie gebrek aan 'n bewussyn van 'n gesitueerdheid in die geskiedenis in die wyse waarop Calviniste in die verlede van "ons" relevansie gepraat het: 'n bepaalde beginsel hoef net

ingesien te word, dan verander die wereld deur op 'n veranderde kyk na die wereld om te sien. Dit het tot 'n oormoedige vertroue aanleiding gegee dat vanweë beginselgeoriënteerdheid Calviniste op elke denkbare probleem 'n alternatief as die heilsame antwoord het. Calviniste in Suid-Afrika het goedkeurend gesing van "woeste vryheidswinde", terwyl hulle geglo het dat hulle voldoende antwoorde bied op die liberalistiese verabsolutering van die vryheid van die individu. Noudat die euforie van '48 oplaas begin dun slyt, het dit begin duidelik word dat liberalisme nie die enigste wyse is waarop vryheid verabsoluteer kan word nie. Die Calvinistiese ordebesef, wat die alternatief op die Britse liberalisme en sy meelopers in Suid-Afrika moes wees, en waarvoor daar van tyd tot tyd teologiese regverdiging vanuit die Calvinisme gegee is,[1] blyk toe nie so probleemloos te wees nie. "Woeste vryheidswinde" waai nou vir ander en uit 'n ander oord. Die bevryde Calvinistiese Afrikaner is nie die bevryer nie maar staan aangekla as die onderdrukker - wat beter behoort te weet. In die plek van 'n liberalistiese vryheidsverabsolutering het 'n nasionalistiese vryheidsverabsolutering gekom, waaraan alles, van individuele regte en vryhede tot die regte en vryhede van verbande, ondergeskik gemaak is.

As 'n mens hierdie scenario van die (wit) Afrikaanssprekende Calvinis ernstig wil neem, dan moet jy sè: èrens tussen beginsel en sy toepassing het die pap op die grond geval. Daar is 'n generasie Calviniste wat vandag rondloop met 'n gevoel van in die steek gelaat wees. Die vergesigte wat in die verlede gegee is, hèt werklikheid geword maar 'n nare werklikheid. Die erwe van die vadere moet asseblief nie die erwe van die kinders word nie. 'n Stuk historiese ontgogeling dwing tot 'n verandering van blikrigting. Die gevare van magte van buite word dan ook anders waargeneem as daar 'n bewussyn kom van die gevaar van onkritiese aanvaarding van magsverhoudings in die eie fort. Dat die antitese nie net tussen "ons" en "hulle" loop nie maar regdeur die eie geledere, ook deur 'n mens se eie hart, kry nuwe betekenis.

[1] So bv. J.D. Vorster. 1941. "Die metodistiese invloed in ons volkslewe". Koers in die Krisis III. Stellenbosch: Pro Ecclesia; p. 184 ff.

Dit bring my terug by die tema van hierdie feesbyeenkoms. Om by 'n byeenkoms soos hierdie oor "manifestasies van Marxisme en Neo-Marxisme in Suid-Afrikaanse samelewingsverbande" te praat het geen sin hoegenaamd as die opset daarvan gaan wees om "krities" na die verskynsels te kyk en 'n gevoel van genoegdoening te kry as "hulle" foute, tekortkomings en dwalings aan die lig kom - sodat 'n rooi lig aangeskakel kan word met die bedoeling om te sê: "Pas op, nie dáárlangs nie maar hiérlangs". As die "dáárlangs" nie al te veilig is nie, moet dit ook 'n keer getoets word of dit "hierlangs" wel so veilig is. En as die weg "hierlangs" verkiesliker bly as die ander een, moet die slaggate met duidelike aanwysings aangetoon word - want dié is daar gewis. Daarom 'n kyk van die ander kant van die draad na die eie kamp. Maar dit is ook nie heeltemal 'n kyk van die ander kant van die draad nie. Die Neo-Marxisme registreer bepaalde historiese ervarings - Adorno is lief om van intellektuele seismograwe of historiese sonnewysers te praat - wat (wat die rede ook al daarvoor mag wees) nie so geredelik in die Calvinisme in Suid-Afrika in alle geval tot op hede geregistreer is nie. En daaruit kan iets waardevols geleer word. Die Neo-Marxisme het 'n teorie oor ideologie ontwikkel en daarmee 'n problematiek in die Westerse kultuur onder oë gekry wat Calviniste nie sonder meer kan verontagsaam nie. Na aanleiding hiervan wil ek iets kwytraak oor die ideologisering en ontideologisering van Calvinisme in Suid-Afrika.

Die idee van Kuyper se antitese kry in hierdie verband ook 'n ander betekenis as na die parallelle tussen Calvinisme en Neo-Marxisme gekyk word. Die belangrikste sistematiese geskrifte van hierdie twee stromings verskyn min of meer op dieselfde tydstip: Dooyeweerd se Wijsbegeerte van de Wetsidee verskyn in 1935, Max Horkheimer se Traditionelle und kritische Theorie in 1937. In hierdie geskrifte word skerp gereageer op die aard van wetenskapsbeoefening soos dit tot daardie tydstip as algemeen gangbaar beskou is. Die skyf van kritiek vir beide is die opvatting van die outonome rede en die reduksionistiese metodes van wetenskapsbeoefening. Beide is skerp veroordelend oor die bestaande kultuur en samelewingsopset en vestig die aandag op die innerlike spanning wat as gevolg van onversoenbare belange en motiewe in die samelewing aanwesig is. Beide stromings ontwikkel 'n visie op die Verligting van die agtiende eeu as matriks van die probleme van die twintigste eeu. Die kritiese siening wat Horkheimer/Adorno in Dialektik

der *Aufklärung* (1947) oor die tegnologiese samelewing en sy katastrofes ontwikkel, het sy (onbewuste) parallel in Hendrik van Riessen se *Maatschappij der toekomst* (1952). Dit wat die parallelle betref. Daar is ook nog ander - byvoorbeeld die opkoms en desintegrasie van beide skole en die "omgekeerd eweredige" uitkoms van hierdie geskiedenis: Frankfurt het "burgerlik" (dit is so min of meer gematig links) geword, en Amsterdam is nie meer regs nie. Dit laat ek daar.

Die parallelle is ook 'n bietjie oorgeformaliseer. Daar is duidelike verskille. Een van die fundamenteelste kategorieë vir die Calviniste is die relasie van die hart van die mens tot 'n God of 'n afgod. Die sentrale filosofeem vir die Frankfurtse Neo-Marxiste is ekonomiese magsbelange. Beide visies poog dan om omvattende verklarings vir wat in die werklikheid voorkom, vanuit hierdie filosofeme te ontwikkel - inhoudelik dus nogal verskillend. Daar is ook 'n opmerklike verskil in filosofiese werkwyse. Die Calvinistiese filosofie werk met die gedagte van 'n sisteem en gebruik graag die metafoor van "grondslag", "fondament", en "basis". Die Frankfurtse Neo-Marxiste is uitgesproke anti-sisteem en verkies weer die metafoor van die "kern". Die belangrikste implikasie wat hierdie verskil in filosofiese werkwyses het, is dat die Calvinisme as idealisties-fundamentalisties getipeer kan word: alles vloei uit beginsels of grondideë voort, die werklikheid word aan die hand hiervan geïnterpreteer en hierdie interpretasie bevestig die geldigheid van die grondbeginsels - die werklikheid is inderdaad soos die grondbeginsels dit voorspel het! (En waar dit nie die geval is nie, staan 'n "beginsel" weer gereed om 'n verklaring te bied, nl. dié van gebrokenheid as gevolg van die sonde.)

Hierteenoor is die Frankfurtse Neo-Marxisme meer bedag op 'n "ongereglementeerde ervaring" wat "geduï" moet word. Daar is geen grondbeginsels nie, slegs begrippe en historiese verskynsels wat 'n tyd lank algemeen voorkom en wat deur 'n interpretasie van ervaring as sodanig geduï kan word. Wat die huidige betref, is bepaalde ekonomiese magsbelange so 'n algemene verskynsel wat as verklaring van 'n wye verskeidenheid ervarings kan dien. (Die metodologiese geldigheid van beide stromings se aansprake laat ek daar.)

'n Mens kan hierdie verskil ter wille van die verdere betoog vereenvoudig tot 'n verskil tussen idealisme (in filosofiese sin) en materialisme (ook in filosofiese sin). Ek sal dit nog skerper stel: die Calvinisme in Suid-Afrika het in 'n sekere sin 'n afgeslotenheid in die ervaring vir die diskontinue hier en nou van die geskiedenis, en die Neo-Marxisme het presies daarvoor 'n gevoelvolle openheid. Ek wil hierdie sterk punt van die Neo-Marxisme gebruik om 'n bepaalde leemte by die Calvinisme, spesifiek in Suid-Afrika, te belig. (Die omgekeerde is al gedoen: toe is daar vanuit die sterk punte van die Calvinisme na die swak punte van die Neo-Marxisme gekyk - in Bloemfontein, in Januarie 1981.[2]

As gevolg van die historiese ervaring van onder andere anti-Semitisme wat die lede van die sogenaamde Frankfurtse Neo-Marxisme persoonlik geraak het, is die geloof in vooruitgang en die idee van rasionaliteit wat daaraan ten grondslag lê, ernstig bevraagteken. Vooruitgang op tegniese en tegnologiese gebied kan inderdaad geboekstaaf word: die middele om sekere doelwitte te bereik het doeltreffender geword - dit het selfs die doelwit vervang. Maar hierdie soort vooruitgang op tegniese gebied geskied deur middel van 'n agteruitgang in menslikheid. Die wêreld het nie vir die mens 'n beter plek geword as gevolg van die beheersing van die natuur nie. Beheersing van die natuur is ook oor die mens uitgebrei. Die mens moes berekenbaar gemaak word ten einde sy vrees vir die toekoms te besweer. Die Verligting se onttowering van die natuur deur die eksakte natuurwetenskap is deurgevoer na die mens: hy is opgeneem deur totaal beheerste strukture, hy moes hom volgens sy eie onafhanklik geworde sisteme skik. Die mens het 'n aanhangsel van sy eie tegnologiese maaksels geword.

[2] Hierdie referate is gebundel in B.J. van der Walt (red.), 1982. Die uitdaging van die Neo-Marxisme op die gebied van die wetenskap. Potchefstroom : PU vir CHO.

Dit is die Neo-Marxiste se bekende tema van die dialektiek van die Verligting.[3] Die Verligting van die agtiende eeu het in sy teendeel omgeslaan. Die bevryding van die mens deur die berekenbaarmaking van die natuur het die mens net weer verkeng toe die wetenskap die mens ook berekenbaar gaan maak het en toe die tegnologie die mens tot aanpassing en standaardisering van al sy behoeftes gedwing het. Wie nie kan aanpas en inpas nie, het geen lewenstog in die geheel nie en moet uitgeroei word. Dit bereik sy moordende hoogtepunt in Auschwitz en in die kultuurindustrie (as die anderkant van die munt). Die vooruitgangskultuur staan in die teken van die likwidering van die individu - in Auschwitz se gaskamers of deur middel van die standaardisering van menswees in die sogenaamde "sterprinsipe" van die Hollywoodse kultuurindustrie.[4]

Hierdie vooruitgangskultuur bring ook sy eie regverdiging voort in die vorm van 'n bepaalde denkmentaliteit, naamlik die positivisme. Dit is 'n denkhouding waarin gestel word dat die blote feite, soos hulle is, die volle waarheid is. Die denke moet voor die brute feit swig. Daarom dat sogenaamde eksakte wetenskap by die Neo-Marxiste verdag word as ideologie - as regverdiging, vergoeliking van die blote gegewenheid van die status quo. Hierdie soort wetenskap is in 'n baie belangrike sin vir die Neo-Marxiste onkrities: dit gee voor om die bestaande bloot soos dit is, te beskryf, terwyl dit enige vraag na hoe dit anders kan, as onwetenskaplike spekulasie afmaak. In hierdie proses "versteen" of "verewig" die wetenskap die bestaande werklikheid en dien so - teen die pretensie van sy gewaande objektiwiteit en neutraliteit in - diegene en

[3] Max Horkheimer/Theodor W. Adorno. 1969 (1947). Dialektik der Aufkl&da.rung. Frankfurt am Main : Fischer; p. 9-49.

[4] Theodor W. Adorno. 1973 (1938). "Über den Feitschcharakter in der Musik und die Regression des Hörens." In sy Gesammelte Schrifter, Bd. 14. Frankfurt am Main, Suhrkamp; p. 14-50.

hulle belange vir wie dit voordelig is dat die werklikheid bly soos hy is.[5]

Die Neo-Marxiste vestig die aandag op 'n kardinale probleemkompleks van die twintigste eeu: magsbelange (waaronder ekonomiese magsbelange) wat grondliggend is aan uiteindelik selfs 'n werklikheidsiening. In 'n sekere opsig doen hulle hier wat Calviniste ook graag doen: die beoefening van grondslagkritiek. Calviniste het nog altyd volgehou dat agter iedere menslike aktiwiteit 'n lewens- en wêreldbeskouing sit, en sentraal daarbinne is 'n bepaalde Godsbeskouing.[6] Die Neo-Marxiste vestig die aandag daarop dat hierdie toedrag van sake ('n lewens- en wêreldbeskouing as iets grondliggends) 'n funksie van 'n bepaalde magsbelang kan wees.

Hierdie kritiese insig - naamlik dat 'n lewens- en wêreldbeskouing 'n onkritiese funksie van 'n magsbelang kan wees - is onthutsend. Maar daar steek waarheid in, veral as 'n mens op die spoor van sekere verskralings van tipiese Calvinistiese gedagtegoedere kom. Die punt waar ons vandag staan, is nie een waar ons vanuit die Calvinisme na die valshede van ideologieë kyk nie, maar 'n punt waar ons as Calviniste onder andere van die ideologisering van Calvinisme bewus moet word.

Laat ek my argumentasie so verduidelik: By al die kritiek wat sedert Groen van Prinsterer[7] op die Verligting uitgespreek is, naamlik dat dit die mens en die wêreld los van God gemaak het, die mens outonoom - dit is selfbepalend - verklaar het en hom eintlik van sy ankers losgeslaan

[5] Cf. Herbert Marcuse. 1964. One dimensional man. London : Routledge & Kegan Paul; p. 144-199.

[6] Cf. H.G. Stoker. 1961. Beginsels en metodes in die wetenskap. Potchefstroom, Pro Rege; p. 113ff.

[7] Groen van Prinsterer, 1847. Ongeloof en revolutie. Leiden, S. & J. Luchtmans. Kyk ook H. Dooyeweerd. 1979 (1957). Roots of Western culture. Toronto: Wedge; p.171-188.

het, dat die ongeloof 'n revolusie ontketen het wat die mens ten kwade gekom het (hoor u die resonansie met die Neo-Marxiste se dialektiek van die Verligting?), het dit Calviniste nie verhoed om spesifiek wat die politiek betref, hier in Suid-Afrika aansluiting by die magsmotiewe van die gesekulariseerde denke van die Verligting te vind nie. Roeping is verskraal tot 'n anti-revolusionêre, origens reaksionere identiteitshandhawing, en vryheid tot nasionale selfbeskikking - onder dekking van die Calvinisme. Maar ek loop my argumentasie 'n bietjie vinnig vooruit.

Wat is ideologisering? 'n Ideologie is nie sommer net 'n klompie onskuldige idees wat verdag is omdat hulle deur 'n opposisie gebruik word nie. Dit is ook nie sommer net werklikheidsvreemde of onrealistiese of selfs fanatiese gedagtegoedere wat probeer om mense tot vuurwarm emosionele optredes te aktiveer nie. 'n Ideologie is 'n lewens- en wêreldbeskouing, selfs 'n filosofie, selfs wetenskaplike bevindings, wat in 'n politieke konteks ingespan word om die verkryging, die behoud en/of die vermeerdering van magsbelange en die voordele wat dit vir 'n bepaalde groep inhou, te regverdig. Die hele wêreld word vanuit hierdie magsbelang gedui, geïnterpreteer, verklaar en gemotiveer, sodat dit lyk asof die stand en gang van die wêreld bedag is op die vervulling van 'n sekere groep se behoeftes en die nakoming van hulle belange.[8] As 'n lewens- en wêreldbeskouing soos die Calvinisme geïdeologiseer word, beteken dit dat sekere tipies Calvinistiese opvattings, begrippe en denkbeelde so ingespan word dat dit lyk asof die aard van die geskiedenis en die gang van die skepping op die verwesenliking van bepaalde Afrikanerideale aangelê is. Agter hierdie ideale sit sekere belange wat sekere sosiopolitieke voordele inhou, en hierdie interpretasie en verklaring van hoe die wêreld inmekaarsteek, is dan niks anders as die regverdiging van die verkryging, behoud en/of vermeerdering van daardie magsbelange nie.

[8] Kyk J. Snyman. 1984. "Van uitgestelde na afgestelde toekoms. Die toekomsloosheid van ideologieë." In B.J. van der Walt (red.). Ideologiese stryd in Suider-Afrika. Vlug vir die afgode! Potchefstroom: IRS; p. 93-103.

Een van die tipies Calvinistiese opvattings wat in die verlede in reaksie op die liberalisme geïdeologiseer is, is dié van eenheid en verskeidenheid. Die liberalisme sou die klem eensydig op eenheid, die "happy family of mankind" plaas. Daardeur word alle grense uitgewis. Hierteenoor word "die groot gebod van die Calvinisme" gestel, naamlik "geen gelykskakeling".[9] "Geen gelykskakeling" word tydens die Afrikaner se stryd teen Britse imperialisme in die dertigerjare as sinoniem beskou met die handhawing van verskeidenheid op politieke gebied, wat op sy beurt gewortel sou wees in die skeppingsgegewenheid van 'n onherleibare verskeidenheid gegrond in God se Skepperswil en "veelkleurige wysheid". Die onbetwisbaar gesaghebbende Bybel leer immers dat God die "groot Skeidingmaker"[10] sou wees. Uit hierdie reeks gegewens moes dit dan duidelik wees dat die bestaan van aparte volkere, en die handhawing van apartheid, 'n skeppingsnoodsaak moet wees. God het volgens "soorte" geskep en die sondige eenheid van Babel verwar deur 'n taalverskeidenheid tot stand te bring.

Die eensydigheid van die klassieke liberalisme lê daarin dat dit die regte en vryhede van individue sodanig beklemtoon dat die rol en betekenis van die staatsverband vervlugtig. Die liberalisme kan nie 'n danig positiewe rol aan die staat toeken nie. 'n Liberalistiese politiek spits slegs op die beskerming van die belange van die individu teenoor die mag van die staat toe. En die potensiële magsbasis van die staat is wat die Afrikaner in sy stryd teen Britse imperialisme nodig gehad het, veral na die mislukking van sy aanvanklike pogings om maatskaplike geregtigheid vir homself opgeëis te kry deur middel van die organiseer van Christelik-Nasionale skole. Daarom het die aksente in die breë Suid-Afrikaanse Calvinisme in die dertigerjare, toe Koers in die krisis verskyn het, van 'n opeising van regte na 'n opeising van mag verskuif.

[9] J.V. Coetzee. 1941. "Die geskiedenis van die Calvinisme in Suid-Afrika." Koers in die Krisis I. Stellenbosch : Pro Ecclesia; p. 59.

[10] Totius. 1977. Versamelde Werke 7. (Onder redaksie van H. Venter.) Kaapstad : Tafelberg; p. 330ff.

En die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing het hierdie aksentverskuiwing, wat ook 'n ideologisering beteken het, meegemaak sonder om dit bewustelik te reflekteer.

Ek het op die gelykstelling tussen "geen gelykskakeling" en die handhawing van 'n skeppingsgegewe verskeidenheid gewys. Die eis van "geen gelykskakeling" het in Suid-Afrika sy historiese agtergronde uit die negentiende eeu, maar dit is nie die punt waarom dit nou gaan nie. Die eintlike punt is dat ons hierin te make het met sosioëkonomiese belange, kultuur-historiese ongelykhede wat resultaat van die geskiedenis is - daar spreek 'n stuk menslike verantwoordelikheid daarin mee, wat nie met die skeppingsgegewe verskeidenheid die geval is nie. Histories geworde ongelykheid is nie dieselfde as natuurlike ongelykheid nie, en eersgenoemde kan nie sonder meer tot laasgenoemde herlei word nie. Hierdie onderskeid is in die ontwikkeling van die Calvinisme in Suid-Afrika nooit getref nie.

Die historiese ongelykheid van die verskillende bevolkingsgroepe is eenvoudig geregverdig as 'n openbaring van 'n skeppingsgegewe verskeidenheid wat so in stand gehou moes word. Skeppingsordinansies is bygesleep[11] (en, waar dit nie genoeg was nie, later ook die eskatologiese perspektief van 'n hemel waar kulturele verskeidenheid ook nie opgehef is nie[12], en dit het 'n onverbreekbare wetmatigheid geword: identiteit wat gehandhaaf moet word. Terselfdertyd is hierdie identiteit net biokultureel gesien en word die Calvinistiese roepingsgedagte ingespan om die nuwe identiteitsfilosofie met behulp van 'n siening van voogdyskap verder te rugsteun.

[11] So bv. met 'n beroep op die "beginsel van soewereiniteit in eie kring" (van Van Prinsterer-Kuyper-Dooyeweerd) deur A.P. Treurnicht. 1975. Credo vir 'n Afrikaner. Kaapstad : Tafelberg; p. 6-20.

[12] J.C. Coetzee. 1965. Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament. Potchefstroom: Pro Rege; p. 314: "Ook volke self gaan die nuwe Jerusalem, die ewige Godsvolk, binne".

Die roeping om oor die skepping te heers en dit te bewaar word nou (met appèl op die gedagte dat die hele lewe voor die gesag van Gods Woord moet buig geïnterpreteer as roeping tot handhawing van die Skeppingsverskeidenheid - ook in die politieke sfeer. Die skepping van volkstate sou hieraan uitvoering gee. Roeping word genasionaliseer. In hierdie proses word roeping ook eksklusief en egosentries: slegs die Afrikaner het 'n roeping, dit is om die "Christelik-Westerse beskawing" na die duister en swart heidendom uit te dra. As roeping só gesien word, het 'n mens dan uiteraard moeite om roeping raak te sien by ander wat nie tot die eie groep behoort nie. Roeping in sy oorspronklike Calvinistiese betekenis impliseer dat die ongelowige ook 'n roeping tot beheersing van die skepping het. Maar die voogdyskapsideologie, wat 'n rasionalisasie van 'n bepaalde maatskaplike magsvoordeel was, het ons verblind vir die feit dat Swartes byvoorbeeld - ongeag hulle "beskawingspeil"- ook 'n roeping ten opsigte van die Blanke kon hê! Gevolglik kon daar nie gedink word aan die ruimte wat 'n staatsordening vir die nakoming van hierdie roeping moet skep nie. Die staat se taak is in hierdie siening ook uiters verskraal: dit is gesien as 'n magsinstrument om die belange van een bepaalde groep te verseker, in plaas daarvan dat dit - tradisioneel Calvinisties - gesien is as 'n instrument waardeur God 'n rustige lewe aan almal oor wie die staat in 'n bepaalde gebied jurisdiksie het, verseker. Die voogdyskapsideologie en die volkstaatsgedagte het Blankealleenreg geregverdig.

Die voogdyskapsideologie lyk geregverdig vanuit die Bybel as 'n sendingstrategie. Die voedingsbron van die voogdyskapsideologie was egter 'n on-Bybelse kultuuroptimisme - wat veral uit Britse en, breër gesien, die Verligting, se oorspanne waardering van Europese beskaafdheid gevoed is. Klink die volgende woorde van David Hume nie dalk oorbekend nie?

"I am apt to suspect the Negroes to be naturally inferior to Whites. There scarcely ever was a civilized nation of that complexion, nor even any individual, eminent either in action or speculation. No ingenious manufacturers amongst them, no arts, no sciences ... Such a uniform and constant difference could not happen in so many countries and ages,

if nature had not made an original distinction between these breeds of men".[13].

Wat in hierdie aanhaling verwoord word, is die gedagte van die Verligting oor die prestasies van menslike mag: dat die mens - die Europeër - se voortreflikheid daarin geleë is dat hy juis as mens standhoudende dinge kan voortbring. Dit is beskaafdheid. Dit is mondigheid - om sonder God of 'n gesag buite en bo die mens presies dit te doen wat nog altyd aan hierdie hoër mag toegedig is. En "primitiewe" volke is nie tot hierdie kulturele prestasie in staat nie, want hulle is nog aan bygeloof verkneg. Iemand kan net as gekultiveer beskou word, en daarmee saam as beskawingsmondig, wanneer hy blywende dinge tot stand bring: tegniese beheersingsmiddele van die natuur.

Wat dus in die voogdyskapsideologie - met sy verskraalde roepingsgedagte en staatsopvatting - ingegaan het, is 'n stuk gesekulariseerde Verligtingsfilosofie. By al die kritiek wat die Calvinisme op die Verligting van die agtiende eeu het, en hoe sterk dit altyd die vergoddeliking van die mens deur die Verligting afgewys het, het dit die Calvinisme in Suid-Afrika nie verhoed om tog 'n onkritiese erfgenaam van presies hierdie denkstroming te word nie. En die funeste gevolge van die Verligting het - ook vir die Suid-Afrikaanse Calvinisme - nie uitgebly nie. Die beskawingsoptimisme en vooruitgangsgeloof van die Verligting het êrens langs die pad die mens kwytgeraak. Die vooruitgangsgeloof het versteen in monumente van vooruitgang: geboue, brue, fabrieke - mensonvriendelike strukture. Ten einde vooruitgang vol te hou moes "social engineering" op die mens toegepas word. Hy het die lewelose en willose pion in die skaakspel van vooruitgang geword. Ook die Calvinisme in Suid-Afrika het erens langs die pad die mens kwytgeraak. Baie onlangs nog moes ek by 'n toonaangewende Calvinis die volgende lees:

"Die Calvinisme se troetelgedagtes is gesag, orde, wet, beginsel en norm. Die Afrikaner is deur dié naelstring gevoed. Daarom is ons mense geneig

[13] D. Hume. 1964 (1777). The philosophical works, vol. 3. (Geredigeer deur T.H. Green & T.H. Grose.) Aalen : Scientia; p. 252.

om ook in die politiek nie die pragmatiese voorop te stel nie, maar die 'ideologiese', as ek dit so kan noem; nie die individue nie, maar die instelling ..."[14]

Calviniste in Suid-Afrika het eers in die heel jongste verlede 'n vae besef begin kry van wat alles met die "social engineering" van apartheid in die geding is. Poppie Nongena het ons bewus gemaak dat orde en wet nie altyd menslik is nie. Crossroads het sy kwota vrae laat ontstaan oor die wenslikheid van plakkersopruiming. Kortom: moet die individu altyd voor die instelling swig? Is die instelling nie ook daar ter wille van die individu nie? Moes dit werklik so lank geduur het voordat Gereformeerdes met 'n deklerasie van menseregte gekom het (soos by die huidige sitting van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk aanbeveel is)?

Daar is nog baie ander temas en probleme wat aangesny kan word. Wat ek tot dusver op die tafel wou kry, is dat die Calvinisme homself 'n keer krities beskou in die lig van eietydse denkstromings wat worstel met vraagstukke waaraan 'n eietydse Calvinisme ook deel het. So 'n kritiese selfrefleksie moet dan ook eietydse ervarings registreer. Die Calvinisme moet dit ook verreken hoe hy 'n kind van sy tyd is om te voorkom dat hy 'n suigeling van sy eie tyd word (as ek 'n uitdrukking van Schiller in hierdie verband kan gebruik). Calvinisme sal 'n suigeling van sy tyd wees as hy onkrities bepaalde denkgoedere uit ander stromings oorneem en dit as oorspronklik Calvinisties uitgee terwyl dit dit allermins is. 'n Oopheid vir die ervaring van die eie tyd en 'n bereidwilligheid om dit ernstig te neem, terwyl die aksente in die kernwaarhede voortdurend hersien word ter wille van die moontlikheid om gehoor te word en werklik 'n heilsame antwoord op vraagstukke te bied - dit sou ek as opgawe vir 'n eietydse Calvinisme, na aanleiding van die ontmoeting (en selfs konfrontasie) met die Marxisme en Neo-Marxisme van die laat twintigste eeu, wil omskryf. 'n Ontmoeting, konfrontasie en dialoog met die

[14] W.J. de Klerk. 1980. Politieke gesprek. Johannesburg : Perskor; p. 23.

Marxisme en Neo-Marxisme kan die hedendaagse Calvinisme nie onveranderd laat nie.

Daarom kan ek ook nie my voordrag afsluit met die gebruiklik Calvinistiese Soli Deo gloria! nie. Met opset wil ek dit verander na Ut Deus solus glorietur: sodat God geëer mag word. Dit is nie omdat ek glo dat God nie geëer moet word nie. Dit is ook nie omdat ek skepties is oor die moontlikheid dat God vir Homself eer uit enigiets kan berei nie. Ek doen dit omdat ek dink dat die tyd ryp geword het dat die Calvinisme sy eie humanisme kan ontdek.

U het reg gehoor: die Calvinisme se humanisme. Die Neo-Marxisme noem homself by geleentheid 'n "reële humanisme", waarmee bedoel word 'n realistiese kyk op die mens en 'n daarmee gepaardgaande sorg om die mens. "Humanisme" staan vandag nie meer vir 'n geloof in die magtige, outonome, selfs vergoddelikte mens nie. Dit glo nie meer dat alles wat die mens is en doen, goed is nie. 'n "Reële humanisme" is 'n ontnugterde humanisme. Dit wil stem gee aan die lydende mens, die mens as slagoffer van homself. Hierdie ontgogeling van die klassieke humanisme kan die Calvinisme sy eie humanisme weer laat ontdek. Ek het aan die begin gesê ek wil graag vashou aan die Calvinisme se skepsis oor die mens, naamlik dat hy nie daartoe in staat is om vir homself iets goeds te doen nie. Die mens kan homself nie verlos nie. Dit rym met wat ek Calvinistiese humanisme wil noem. U onthou Calvyn se laaste hoofstuk van die Institusie - die een oor die burgerlike owerheid. Daarin argumenteer Calvyn dat 'n mens nie teen die owerheid in opstand mag kom nie - altans, dit is wat nog altyd aan ons voorgehou is. Gedeeltelik is dit waar: Calvyn wil 'n standpunt dat opstand teen die burgerlike owerheid geregverdig is, van sy oortuigingskrag ontneem. Maar dit is nie al wat daar staan nie. Die punt wat Calvyn eintlik stel, is dat jy nie vir jou eie regte moet opkom nie maar geduldig onreg moet ly en wag tot God vir jou 'n verlosser bewerk. As jy vir jou eie regte stry, is die gevaar

groot dat jy opgeblase en eiegeregtig word en in die proses net meer onreg veroorsaak.[15]

Maar daarmee het Calvyn nie onreg vergoelik nie. Elkeen het die plig om oor die belange van die naaste te waak. Jy moet nie vir jou eie regte stry nie maar vir dié van jou naaste. Soos jy vir jou naaste onbaatsugtig intree, kan God vir jou ook iemand voorsien om vir jou in te tree. Sorg om die naaste - Ut Deus solus glorietur - dit wil ek die humanisme van die Calvinisme noem. Ek reken dat waar hierdie selfverloënende sorg om die naaste kenbaar word, die Calvinisme in Suid-Afrika 'n kans op geloofwaardigheid het en dat die God wat deur die Calvinisme vereer word, die Vader van ons almal, geprys kan word op grond van die beeld van Hom wat uit die dade van sy kinders geprojekteer word.

[15] J. Calvijn. 1931. (1559) Institutie of onderwijzing in de Christelijke Godsdienst, III. (Vertaal deur A. Sizoo.) Delft: Meinema; p. 581ff.